

DIE OMSTANDIGHEDE EN AANLEIDENDE FAKTORE IN DIE “HERONTPLOOIING” VAN DIE EERSTE VRYSTAATSE PREMIER, MOSIOUA LEKOTA (1994-1996)

Johan C Moll¹

Abstract

The ANC's National Policy Conference resolved on 29 June 2007 that the premiers of the provinces would in future no longer be appointed by the President but by the Provincial Executive Committees, the National Executive Committee thereafter approving or rejecting the recommendation. One of the inducements that has led the ANC to change its policy in this regard was the grim experience in the Free State when the offices of ANC provincial leader and Premier did not coincide, causing so much strife and dissension, that the national leadership was forced to intervene repeatedly, which in the end resulted in the drastic decision of “redeploying” the Premier and various other Free State ANC leaders. This is an analysis of the conflicting views of the Free State Premier and provincial party leaders regarding the nature and underlying rationale of their respective positions of authority which also bring into central focus the terms of the constitution versus the authority of the party. The framework within which these issues are analysed is the dictatorial views within the ANC regarding the relationship of constitutional and party political interests versus white views on the inviolability of the constitution.

Hierdie tema word in twee afsonderlike artikels aangebied. Eerstens val die kollig op die politieke magstryd tussen premier Lekota en die ANC-leierskap in die Vrystaat. In die tweede en laaste instansie word die nasionale ingryping en die uiteindelijke “ontplooiing” van die hooffigure in die onderlinge twis belig.

DEEL 1: DIE REDES VIR DIE POLITIEKE MAGSTRYD TUSSEN DIE PREMIER EN DIE ANC-LEIERSKAP IN DIE VRYSTAAT

1. INLEIDING

Een van die belangrike redes vir die skep van nege provinsies na die ANC se verkiesingsoorwinning in 1994 was die noodsaaklikheid vir ’n onderhandelde oorgang tot demokrasie, aangesien ANC oorreed is om toegewings aan die kleiner partye te maak. Die ANC se totale gebrek aan ervaring in provinsiale administrasie en veral aan die nodige kundigheid het die uitdaging van oorname in die provinsies geweldig

¹ Prof. Johan C Moll, navorsingsgenoot, departement geskiedenis, Noordwes-Universiteit.

gekompliseer. Die Vrystaat was verdeel in 47 landdrosdistrikte met 'n bevolking van 2,7 miljoen en die twee dominante tale was Sesotho (58,1%) en Afrikaans (14,1%). Die ekonomie het hoofsaaklik berus op mynbou en landbou en die groei-areas was rondom Bloemfontein en die nabygeleë Botshabelo, Welkom met sy goudvelde, Sasolburg, Kroonstad en die hoërliggende dele van Harrismith, Bethlehem en Phuthadijhaba. Die Vrystaat was nie 'n ryk gebied nie en volgens die Ontwikkelingsbank van suidelike Afrika kon die formele ekonomie minder as 60% van sy potensieële arbeidsmag absorbeer. Die amptelike werkloosheidsyfer is as 11,2% aangedui en gedurende die tagtigerjare was die groei na beraming slegs 0,1% (Van der Merwe 1994:36).

Daar is nie aan die begin van die nuwe provinsiale administrasies rekening gehou met die ingewikkelde prosedure om op nasionale vlak magte saam te voeg en die stadige afwenteling daarvan na die provinsies nie. President Mandela moes eers die proklamasie onderteken om magte aan die provinsies oor te dra, waarna alle magte vervat in die betrokke Vrystaatse provinsiale ordonnansies, asook die betrokke wetgewing van die voorheen selfregerende gebied, Qwaqwa, in die hande van die Vrystaatse Wetgewer geplaas is. Thaba Nchu het spesiale aandag geverg vanweë die grondwetlike pad wat dit gevolg het en die Vrystaat moes eers volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar (*Die Volksblad* 1994a:5). Enige nuwe premier en administrasie se werksaamhede in die Vrystaat sou dus uiters kompleks wees: die nuwe regering het drie administrasies geërf wat moes saamsmelt: die Vrystaatse provinsiale administrasie, dié van Qwaqwa en dié van die ou Bophuthatswana in Thaba Nchu. Die eerste maande sou dus moeilik hanteerbare tyd wees om die onsekerhede en vrese in die drie ou administrasies te besweer, die welwillendheid van die blanke gemeenskappe te wen, aan die armoede, behuisingsnood en mediese agterstande van derduisende swartes daadwerklike aandag te gee en die geweld wat almal geraak het, hok te slaan. Talle afsonderlike en gesamentlike vergaderings sou met wit en swart boere gehou moes word, geslagsgelykheid nagestreef word en vroue in sleutelposte aangestel word (*Die Volksblad* 1994c:15).

Vanaf die begin was premiers en lede van die uitvoerende raad in die provinsies genoodsaak om vanweë swak administrasie gemoed te raak met beheer oor personeel met gepaardgaande ondermyning van die gesag van departementshoofde. Een van die grootste knelpunte was dat die stelsels wat die ANC geërf het, nooit ingestel is om behoorlike dienste te verskaf op die groot skaal wat die nuwe demokratiese bedeling voortaan sou vereis nie (Lodge 2002:34). Miljoene meer mense het nou groot verwagtinge gekoester en eise aan die regering begin stel en die federale opset het sake vir die ANC ten opsigte van sy interne organisasie grootliks gekompliseer. Vanaf 1994 tot 2002 was daar byvoorbeeld sewe premierskapveranderinge waarvan twee (Gauteng en die Vrystaat) met ernstige stryd gepaard gegaan het (Lodge 2004:38). Daar was nie veel beweegruimte vir die streeksregerings in die bepaling van beleid nie en die wette wat hulle aanvaar het, moes ooreenstem met die beginsels onderliggend

aan die beleid van die sentrale regering (Lodge 2002:32). Een van die grootste en moeilikste uitdagings was om geldelike toekennings doeltreffend aan te wend.

Met inagneming van hierdie uitdagings en die problematiek van ’n nuwe bewind in die Vrystaat, word die vernaamste redes ondersoek vir die stryd wat in die Vrystaat tussen die premier en sommige van die mees toonaangewende plaaslike ANC-leiers ontstaan het, naamlik die wyse waarop die eerste ANC-premier in die Vrystaat aangestel is; die noord-suid ANC-verdeling en die wedywering in die Vrystaat; die wyse waarop die premier korrupsie probeer bekamp het en die reaksie daarop uit ANC-geledere. Ten slotte was daar die diepliggende verskil tussen die premier en invloedryke Vrystaatse ANC-leiers oor grondwet- versus party-belange. Daar word ook in breë trekke verwys na die noodsaaklike ingryping deur die nasionale regering om die eskalerende en al heftiger twis binne die geledere van die Vrystaatse ANC met die “herontplooiing” van die premier en sy grootste teenstanders te beëindig. Hierdie ernstige debakel in die geskiedenis van die Vrystaat, pas na die ANC se oorname, was deels daarvoor verantwoordelik dat die ANC uiteindelik verplig was om die wyse van aanstelling van premiers te wysig en dui veral aan watter onsekerhede en vaaghede bestaan het oor wat die deurslag behoort te gee in die administrasie van die provinsie: ANC-partybelange of die bepalings van die grondwet. Om vir dekades lank militêr te veg vir die regte en oorlewing van ’n party en daarna die rol te aanvaar van ’n vredesoekende, wetsgehoorsame en grondwet-respekterende party en bewindhebber, het totaal nuwe eise gestel en uitdagende dissipline geveer. Die ANC in die Vrystaat, soos oral in die land, moes nog sy weg vind en die moeilike pad bewandel vanaf ’n bevrydingsbeweging tot ’n regering.

Mosioua Gerald Patrick (“Terror”) Lekota is deur die ANC-nasionale leierskap as kandidaat vir die Vrystaatse premierskap geïdentifiseer voor die historiese April 1994-verkiesing. Dit het nie getuig van ’n demokratiese werkwysie nie, want die keuse sou nie werklik ’n oop en vrye keuse wees deur die lede van die Vrystaatse Wetgewende Vergadering nie, soos duidelik deur die RSA-grondwet bepaal word. Artikel 128 (1) daarvan bepaal duidelik: “At its first sitting after its election, and whenever necessary to fill a vacancy, a provincial legislature must elect a woman or a man from among its members to be the Premier of the Province” (*Constitution of the Republic of South Africa*, Cape Town: Cresta Press 1996:55). Sy statuut binne die ANC het Lekota veral te danke gehad aan sy verset teen die apartheidsbewind en sy opbouende rol daarna in die magsoorname van die party. Reeds as student is hy uit die destydse Universiteit van die Noorde weens politieke bedrywighede geskors; in 1974 is hy ingevolge die Wet op Terrorisme aangekla en na ’n maratonsaak van 18 maande, tot ses jaar gevangenisstraf op Robbeneiland gevonniss; in 1985 is hy saam met 18 ander beskuldigdes van hoogverraad aangekla en tot 12 jaar gevangenisstraf gevonniss. Lekota was toe reeds, vanweë sy sterk leierskap, onverskrooktheid en debatteervermoë in die South African Students Organisation-kringte wyer bekend en

met sy aankoms op Robbeneiland het hy selfs 'n welkomnota van Nelson Mandela ontvang. Aanvanklik het hy hom by die radikale Black Consciousness Movement (BCM) geskaar, maar hy het weldra skerp begin verskil van dié beweging se rasse-eksklusiwiteit en besluit om hom by die ANC te skaar (Mandela 1995:473). Vanweë Mandela se invloed het hy die United Democratic Front (UDM) begin aanhang, die “broader context of the struggle” begin begryp asook besef dat blankes wel 'n bydrae gelewer het en steeds lewer tot die “struggle” (Brewer 1989:193).

Lekota het nooit bitterheid oorgehou oor die wyse waarop hy deur die apartheidsowerhede behandel is nie. Sy oortuiging was dat “the men who rule our country are small men driven by racial hatred, and there is no question they will lose the struggle” (Getz 1985:12). Nog 'n faset van Lekota en ander ANC-volgelinge se bereidwilligheid om te vergewe en rekonsiliasie te soek, was volgens biskop Desmond Tutu die invloed van die kerk se boodskap. Lekota en leiers van sy geslag was feitlik almal produkte van skole wat deur kerke beheer is en wat daarna getroue volgelinge van een of ander Christelike denominasie geword het. Volgens hom is hulle daadwerklik beïnvloed deur die kerk se leerstellings “and it showed in their commitment to forgiveness and reconciliation rather than demanding retribution and revenge” (Tutu 2003:315). Vir Lekota sou sy ruim en versoenende standpunt oor blankes nie 'n ongemengde seën in sy hantering van die meer radikale elemente onder sy eie mense in die Vrystaat wees nie.

Hoewel Lekota op Kroonstad gebore is, het hy voor die verkiesing min tyd in die Vrystaat deurgebring en was nie so algemeen bekend onder ANC-ondersteuners in die Vrystaat soos leiers soos ES (Ace) Magashule, PZ (Pat) Matosa, DA (Papi) Kganare, PHI Makgoe, MS Nthati en ander nie. Dit sou 'n faktor van aansienlike betekenis word in die spanning wat spoedig tussen Lekota en van hierdie leiers ontstaan het. Hulle was bekend en gewild, hy relatief onbekend en eintlik van buite die provinsie. Wat sekerlik ook 'n rol gespeel het in die identifisering van Lekota as toekomstige premier, was die agting wat president Nelson Mandela vir hom gekoester het as een van die mees gedissiplineerde leiers en medegevangenes op Robben-eiland. Mandela het o.m. profeties getuig: “You have to be in jail with a person to assess their true caliber. I have enormous respect for Terror. He is courageous, intelligent and very articulate. He had made an impact not only on members of the ANC but beyond. I am convinced that Terror, in due course, will occupy one of the most important positions ... in the country” (Duma 1996:3). Sy ysere wil en vasberadenheid en leierskapsambisie sou hom ver bring, maar het ook die moontlikheid ingehou van gevaarlike hardkoppigheid en die neiging om sy wil ten alle koste te laat seëvier. Aanvanklik is Lekota meestal as “Terror” aangespreek, 'n bynaam wat weliswaar nie heenwys na hom as vryheidsvegter nie, maar beslis dui op sy onverskrokktheid en wil om te wen.

Met die ontbaning van die ANC in 1990 is Lekota aangestel as sameroeper vir suidelike Natal en later dieselfde jaar as Noord-Vrystaatse organiseerder. In Julie 1991 is hy verkies op die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) en later op die Nasionale Werkkomitee (NWK) waar hy aan die hoof staan van die departement intelligensie en vanaf die middel van 1992 hoof is van die ANC se verkiesingskomitee. Hy was dus in opvallende leierskapsposisies en sou sekerlik na bewindsaanvaarding van die ANC in aanmerking kom vir een of ander hoë amp.

2. DIE WYSE WAAROP DIE EERSTE VRYSTAATSE PREMIER AANGESTEL IS

Die ANC-konstitusie bevat geen verwysings na die grondwet van die land nie (*African National Constitution* 1994). Wat verwysings na demokrasie betref, bepaal die party se konstitusie van 1994, wat in hierdie stadium in swang was (dit is tydens latere nasionale kongresse aangepas), dat dit die strewe is om ’n verenigde, nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese land tot stand te bring ter verwesenliking van die nasionale demokratiese rewolusie en ter beskerming van die demokratiese regte van die land se bewoners. Daar is ook nie besondere verwysings na die rol en funksie van provinsiale premiers nie. Wat wel duidelik bepaal word, is dat die provinsiale kongresse die hoogste organe van die ANC in elke provinsie is en die partyleier kies wat die amp vir twee jaar beklee. Die Provinsiale Algemene Raad word die hoogste besluitnemende liggaam tussen die provinsiale kongresse en die Provinsiale Uitvoerende Komitee (PUK) en is verantwoordelik vir die toepassing van partybesluite. Die Provinsiale Werkkomitee (PWK) vorm die kern van die PUK. Geen melding word in die party se konstitusie gemaak van waar en hoe die premier presies in hierdie opset inpas of wat die presiese gesagsverhouding tussen die premier en die party is nie. Dit sou gaandeweg blyk dat die belangrikste Vrystaatse ANC-leiers dienstigheid en gehoorsaamheid aan die party hoër geag het as onderdanigheid aan die Republiek se grondwet en dat gehoorsaamheid aan die grondwet as sekondêr beskou is. Hierdie beskouing is ook buite die Vrystaat gehuldig deur persone in die hoogste hiërargie van die party.

In die RSA-grondwet, wat eers na die verkiesing, wat die ANC aan bewind gestel het, gefinaliseer is, word die mag en funksies van die premier onder meer soos volg uiteengesit: die uitvoerende mag berus by die premier asook by die ander lede van die Uitvoerende Raad (UR); die premier beskik oor die magte en funksies toevertrou aan die amp deur die grondwet; die premier is onder meer verantwoordelik vir die goedkeuring en ondertekening van wette. Wat die verkiesing van premiers betref, word duidelik bepaal dat die provinsiale wetgewer uit eie geledere ’n premier verkies. Wat sy verhouding met die UR betref, was twee bepalings van uiterste belang: die bekleër van die premiersamp is hoof van die UR, waarvan die lede

sittende lede van die Wetgewende Vergadering is; die premier stel die lede van die UR aan, ken aan hulle magte en funksies toe en mag hulle ook ontslaan (*Constitution of the Republic of South Africa* 1996:54-57) Wat hier belangrik is, is dat hoewel dit die erns van die ANC-leierskap was om die nuwe samelewing op vaste gronde te bou, “it had not mastered the routines and conventions of decision making in a complex political system”, aldus Davenport (1998:91). Tot in die stadium voor die bewindsaanvaarding het lojaliteit aan die party ter wille van oorlewing eerste gekom en die party as bron van gesag was enkelvoudig en deurslaggewend.

Anders as baie van sy partygenote, en van die gewildste Vrystaatse ANC-leiers, het Lekota hierdie grondwetlike prerogatieme met die grootste erns bejeën en dit het by hom die vaste oortuiging gewek dat hy die reg het om te regeer na oortuiging en dat hy dit kon doen sonder voortdurende raadpleging van die party. In sy optrede sou hy partylede dus net tot op ’n punt raadpleeg en inlig, maar oor sy onafhanklikheid van optrede sou hy deurgaans jaloers waak en konsekwent poog om dit in die finale instansie onder geen omstandighede prys te gee nie. In die uiteenlopende beskouings van die ANC-leiers en die premier oor finale regeringsgesag, raadpleging en verantwoordelikheid, lê een van die kernredes opgesluit vir die onoplosbare onderlinge ANC-twis en -tweedrag wat die Vrystaat tydens die ampstermyn van premier Lekota sou teister.

Uit Lekota se latere opmerkings tydens die ernstige verskille wat ontstaan het, sou hy laat blyk dat die meningsverskille gaan “oor die vertolking van die nuwe Grondwet” en sou hy probeer verduidelik hoe moeilik die ANC met sy gevestigde tradisie van totale besluitneming dit vind om te berus by die beperkings wat ’n grondwet op die wil en wense van ’n party plaas. Die rede hiervoor het Lekota daarin probeer vind dat die ANC vir die eerste keer regeer: “Ons is ervare politieke gevangenes en uitgeweke guerrillas wat met ’n nuwe grondwet te doen het. Dit is natuurlik dat misverstande sal opduik” (Nieman 1996p:3). Die oortuiging waarby hy deurgaans ferm sou staan, was dat die grondwet bepaal hy kan die UR aanstel na oorlegpleging met die politieke partye, terwyl die onwrikbare siening van die ANC-leiers weer was dat dit in oorleg met hulle moes geskied. Lekota wou besluit wie hy as UR-lede wou hê en dit dan met die party-leiers bespreek, terwyl die party-leiers se siening was dat hy die aanstellings deurlopend met hulle goedkeuring moes doen.

Lekota het reeds as premierskandidaat die hand van samewerking en welwillendheid na alle Vrystaters gerek. Dit was ’n tyd van lugtigheid en onsekerheid vir hom en al die toekomstige ANC-ampsdraers wat nog nooit tevore in regeringsposte was nie en te doen sou kry met “enorme verwagtinge en baie skeptisisme” (*Die Volksblad* 1994:6). Wat in sy guns met betrekking tot blankes getel het, was dat hy in die Vrystaat grootgeword en moeite gedoen het om Afrikaans, waar moontlik, te praat en respek vir die taal te toon, asook sy versoenende houding. Van sy eerste woorde as geïdentifiseerde premier was om die Vrystaters vroegtydig te maan om die uitslag van

die verkiesing te aanvaar en “saam te werk om vrede en stabiliteit te verseker” (*Die Volksblad* 1994:6). Hy het uit sy pad gegaan om die blankes ter wille te wees en wel in so ’n mate dat hy weldra negatiewe reaksie uit meer radikale ANC-kringe sou kry. So het hy dit nodig gevind om sekere van sy partygenote openlik te roskam omdat hulle sy pleidooi vir die gebruik van Afrikaans gekritiseer en gesuggereer het dat hy goedkoop gewildheid najaag. Wat hom betref was dit “populistiese, opruiende” optrede wat versoening beduiwel (Nieman 1995b:1). Sy pleidooi was dat mense ’n ander taal moes aanleer ten einde wedersydse verstandhouding te bevorder en transkulturele brûe te bou.

Reeds met sy inhuldiging as premier op 30 Mei was een van sy eerste versekerings en beloftes dat die provinsie ’n skoon administrasie sou hê, veral op finansiële gebied. Hierby sou hy onwrikbaar staan en daar was spoedig redes om op die hoogste vlak mense af te dank en sodoende sy gewildheid op die spel te plaas. Dat groot veranderinge op hande was, was ook duidelik uit sy opmerking dat die Vrystaat een handelskamer, een landbou-unie en ontwikkelingskoöperasie moes hê (Van der Merwe 1994:34).

3. DIE NOORD-SUID ANC-VERDELING EN WEDYWERING IN DIE VRYSTAAT

Die ernstige breuk wat tussen die Vrystaatse ANC-leiers en die premier ontstaan het, kan teruggevoer word tot November 1994 toe Lekota op verrassende wyse as voorsitter van die ANC in ’n “spanningsvolle verkiesing waarin emosies hand-uit geruk het,” deur PZ (Pat) Matosa verslaan is (Nieman 1994:1). Die eerste tekens van weerstand teen Lekota was gerugte dat Lekota sterk teenstand met die verkiesing van die provinsie se eerste gesamentlike ANC-voorsitter (die noordelike en suidelike ANC-takke sou nou saamsmelt) kon verwag tydens die ANC se Vrystaatse kongres te Phuthadithjaba op 26 November 1994. Die gevoel het bestaan dat kandidate hulle behoort te onttrek ten gunste van Lekota, want word hy nie verkies nie, sou hy die eerste provinsiale ANC-premier wees wat nie ook die provinsie se leier is nie. Van die gunsteling vir die pos was ACE Magashule, voorsitter van die ANC in die Noord-Vrystaat, en die gewilde Pat Matosa, streeksekretaris vir die Noord-Vrystaat. Eersgenoemde het op die nippertjie onttrek en blykbaar het Matosa met die aanvang van die konferensie te kenne gegee dat ook hy sy kandidatuur terugtrek, maar toe Lekota die konferensie verlaat om ’n dringende vergadering by te woon, het Matosa tog sy naam op die stemlys laat bly. Hierdie “troubreuk” was skynbaar die bron van die onoorbrugbare breuk en agterdog wat toe tussen Lekota en Matosa ontstaan het en in die loop van twee jaar nooit bevredigend opgelos sou word nie (getuienis van Cas Human, LUK, een van Lekota se groot ondersteuners, aldus Hartley 1996:4-5). Vrae is gevra oor hoe verteenwoordigend die kongres was, omdat slegs 56 van die 236 takke afgevaardigdes gestuur het en slegs ’n klein persentasie van die kiesers wat vir die ANC gestem het,

ingeskrewe lede van die party was. Hoe dit ookal sy, Matosa, uit die Noord-Vrystaat afkomstig, het 'n stewige 263 stemme getrek teenoor Lekota se 190.

Verskillende redes is uit verskillende oorde aangevoer waarom Lekota die onderspit gedelf het, onder meer sy versoenende houding teenoor blankes en sy verwaarlosing van sy kiesers. Op laasgenoemde het hy later gereageer deur te sê hy weet hy word daarvan beskuldig dat hy net met blankes omgaan, maar sy verweer was dat nóg die ANC in die Noord-Vrystaat nóg dié in die Suid-Vrystaat op sy versoek na die verkiesing gereageer het toe hy die ANC-takke wou besoek om dank te betuig oor die goeie verloop van die verkiesing. Hy het sy mense daaraan herinner dat daar sprake van bloedvergiëting uit regse oorde na die verkiesing was en hy moeite moes doen om die Vrystaatse boere en sakelui oor die ANC-beleid tevrede te stel. Ander redes vir sy nederlaag was die oortuiging by sommige ANC-lede dat die premier bo kleinlike politiekery verheue moet wees en dat die regerings- en politieke poste geskei behoort te word. Is dit nie die geval nie, sou hy sy ANC-werk as voorsitter afskep omdat hy as premier te veel werk sou hê. Een van die vernaamste redes vir die woelinge was die ongeduld en onrealistiese hoë verwagtings van ANC-ondersteuners na die bewindsoorname (*Die Volksblad* 1994c:8).

Die nuwe ANC-leier het die premier na sy nederlaag dadelik verseker van die party se lojaliteit. Matosa het verwys na die redenasië dat 'n situasie geskep is wat dui op 'n magstryd tussen suid en noord, maar volgens hom was niemand daarop uit om Lekota se leierskap uit te daag nie. Die twee streke het in die verkesingsveldtog immers saamgewerk en beplan (*Die Volksblad* 1994e:1). Hy het sy opponering van die premier in die verkiesing om leierskap van die party probeer regverdig deur te sê dat die premier los moes staan van die party, aangesien hy al die mense in die provinsie verteenwoordig. Dit het na 'n haalbare argument geklink, maar die vraag was waarom die saak nie vooraf in die ANC-koukus en met Lekota uitgeklaar is nie? (*Debatte van die Wetgewer van die Provinsie Oranje-Vrystaat* 1995: kolom 313). Die front van goeie verhoudings is egter steeds voorgelou. Matosa moes mettertyd erken dat hoewel daar verskille bestaan oor die oplos van vraagstukke, dit nie as ideologiese verskille beskou kon word wat die party kon skeur nie. Die party was nog besig om van "'n bevrydingsbeweging na 'n regering" te ontwikkel (Nieman 1995d:2).

Daar is steeds heimlik en tereg gevrees dat hoewel Matosa nie 'n LUR was nie, spanning onvermydelik sou ontstaan in die premierskantoor waar Matosa streekkoördineerder van die belangrike Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) was. Wat onheilspellend vir toekomstige samewerking tussen die leiers was, was dat die Noord-Vrystaat vier van die vyf posisies in die provinsiale bestuur ingepalm het, wat die reeds merkbare spanning tussen die noordelike en suidelike faksies uiteraard sou vererger. Die feit dat Lekota nie as voorsitter van die party verkies is nie, het nie sy premierskap geraak nie, aangesien dit 'n regeringsposisie was, terwyl die leierskap van die party 'n politieke amp was. Dit is egter allerweë as 'n vernedering beskou.

Ten spyte van Matosa se ontkenning het die noord-suid-gepannenheid vroeg in Januarie 1995 weer opgevlam oor die kwessie van die Vrystaatse hoofstad. Die noordelike faksie het hulle vir Welkom as hoofstad begin beywer, maar die premier het te kenne gegee dat die leierskap se benadering is dat “geen rede bestaan dat die Wetgewer van Bloemfontein verskuif moet word nie”. Op ’n vraag wie dié leiers is, was sy antwoord “die Wetgewer” (Nieman 1995a:5). Die Goudveldse ANC-takke het egter die aankondiging verwerp dat Bloemfontein as hoofstad erken word, en het gemeen die besluit is sonder deursigtigheid geneem en dat enkelinge nie oor ’n saak kon besluit wat almal raak nie (Grobler 1995b:4). Dit was geensins onmoontlik dat die premier gedwing sou kon word om die besluit oor Bloemfontein as hoofstad terug te trek en ’n referendum uit te roep nie. Indien dit sou gebeur, sou Welkom na alle waarskynlikheid wen omdat die Noord-Vrystaat digter bevolk was. In die verkiesing het die ANC byvoorbeeld 192 000 stemme in Welkom teenoor 52 000 in Bloemfontein gekry. In politieke kringe was daar kommer dat indien Lekota ten opsigte van die hoofstad weer ’n nederlaag sou lei, dit sy tweede “groot terugslag” sedert Mei 1994 sou wees. Wat Lekota presies bedoel het met steun wat hy van die “wetgewer” geniet, is ook uitgepluis. Dit sou aan die lig kom dat Lekota nie die PUK geraadpleeg het nie, ook nie die UR van die wetgewer nie. Slegs die kookus in die wetgewer het daarvoor gestem. Altesaam 19 van die 26 lede van die PUK was Noord-Vrystaters en boonop is vroeër besluit dat daar “wyd geraadpleeg” sou moes word oor die kwessie van die hoofstad. Hierdie neiging by die premier om sy eie kop te volg en nie genoegsaam te raadpleeg nie, sou vorentoe groot spanning veroorsaak en hom uiteindelik ernstig benadeel.

Teen die einde van Januarie 1995 moes samesprekings (wat in die geheim plaasgevind het) tussen Lekota en ANC-leiers in die Goudveld en Noord-Vrystaat gehou word om die krisis te probeer ontloot wat sedert sy aankondiging dat Bloemfontein die hoofstad bly, ontstaan het. Daar was gerugte van ’n Hooggeregshof-aansoek wat deur die noordelike takke voorberei word om die wetgewer te verhoed om sy besluit in wetgewing te verval voordat die Goudveld nie ’n regverdige kans gehad om redes te verskaf waarom Welkom die hoofstad behoort te word nie. Die onenigheid is toegeskryf aan die feit dat die premier nie eers met die ANC-partystruktuur buite die wetgewer beraadslaag het nie (Grobler 1995a:2). Die vergaderings in die Goudveld oor die hoofstad het voortgeduur en N Masoka, voorsitter van die veldtog *Welkom vir hoofstad*, het beweer die premier se neiging om dinge op sy eie te doen, word verwerp en massa-aksies word oorweeg (Grobler 1995b:2). Intussen het die premier hom begin beywer vir die vergesogte plan om die parlement na Bloemfontein te skuif en wel na Naval Hill. Hoewel Matosa deurgaans beklemtoon het dat daar geen ideologiese verskille tussen die Lekota-teenstanders en -ondersteuners was nie, was daar nou aanduidings dat die verskille tussen Lekota en Matosa wel op twee ideologiese strome binne die ANC, op “twee

gesigte” in die Vrystaat, dui. Hiervolgens het Lekota versoening en samewerking bepleit, terwyl Matosa “sosialistiese en revolusionêre” idees aangemoedig het deur byvoorbeeld plaasarbeiders aan te moedig om vir hulle regte te staak, selfs in oestyd (*Die Volksblad* 1995f:6).

Gerugte van spanning tussen Lekota en Matosa om die voorsitterskap van die ANC het vanaf die November-verkiezing deurentyd die ronde gedoen. Dit het Matosa verplig om in Junie 1995 tydens die opening van die eerste konferensie van die ANC se Thaba Nchu-streek daarna te verwys toe hy die versekering gegee het dat Lekota se leierskap onbetwisbaar is en niemand van hom as leier ontslae wou raak nie. Hy het ’n ANC-noord-versus-suid-stryd in die ANC ontken, maar wel toegegee verskille bestaan omdat almal nie altyd oor alles kan saamstem nie en dat hy self soms skerp van Lekota verskil. Dit was egter nie ideologiese verskille nie, maar verskille oor prosedure. Lede van die PUK het Lekota die naweek van 25 Augustus 1995 tydens ’n ANC-saamtrek op Welkom skerp aangeval, onder meer oor sy opmerking dat slegs ’n “onnosel mens (klaarblyklik ’n verwysing na Matosa) plaaswerkers aanmoedig om in oestyd te staak” en die feit dat Matosa se ampsmotor vir sy werk as HOP-kommissaris teruggeneem is. Lekota moes om verskoning vra en na buite is nou erken dat “misverstande bestaan oor die rol en funksies van die premier en die voorsitter”. Na ’n deeglike debat is besluit dat Vrystaatse ANC-lede verenigd onder Matosa sou werk en die premier is beskou as inherent ingeskakel by die ANC, waar hy leiding moes gee en daarna moes streef om alle Vrystaters te verenig. Die premier se insiklikheid is toegeskrywe aan die vrees dat hy ’n tweede keer teen Matosa kon verloor (Nieman 1995e:6).

Hierdie antagonisme tussen sterk en eiesinnige individue was ook die manifestasie van ’n veel dieper antagonisme tussen die suidelike en noordelike faksies binne die ANC. So erg het hierdie spanning begin oplaai, dat ’n breuk binne die Vrystaatse ANC in die loop van 1995 byna onvermydelik gelyk het, veral toe Matosa as HOP-kommissaris deur die UR afgedank is. Hy was onthuts oor die wyse waarop hy eenvoudig deur een van die LUR’e daarvan in kennis gestel is en nie, soos hy verwag het, eers na ’n amptelike nota van die UR en ’n skriftelike bevestiging deur die premier nie. Wat nou baie duidelik geword het, was dat die konflik tussen Matosa en Lekota ’n persoonlike vete geword het, aan die toeneem was en die spanning tussen die Suid- en Noord-Vrystaatse faksies in die ANC na die “oppervlakte gedryf...word” (Horn 1995:1).

4. DIE WYSE WAAROP DIE PREMIER KORRUPSIE PROBEER BEKAMP HET EN REAKSIE UIT ANC-GELEDERE

Die premier het by herhaling sy verbintenis te kenne gegee tot ’n “gesonde, deursigtige en vriendelike provinsiale regering” en kort na die oorname deur die ANC was daar

ernstige aantygings van bedrog, misbruik van staatsmotors en selfs dronkenskap by die werk (*Die Volksblad* 15 Februarie 1996h:8). Hy het onomwonde verklaar dat hy bedrog sou uitroei en en teen korrupte amptenare tot in die hof en selfs tot by die president sou optree.” Daar is mense sonder huise en kinders sonder kos. Ons moet vir hulle werk. As julle dit nie verstaan nie, is julle op die verkeerde plek”, het hy gewaarsku (Nieman 1996i:1). Sy optrede hieroor sou uiteindelik uitloop op ’n “paleisrewolusie” (Davenport 1998:92).

Lekota het weldra die gramskap van leidende elemente van die Vrystaatse ANC op hom gehaal, toe hy bewerings van korrupsie onder lede van die Uitvoerende Komitee onverskrokke benader het. Sy populariteit onder die “civic organizations”, wat aan die voerpunt van weerstand in die tagtigerjare was, en onder die blanke kiesers was groot, maar het relatief swakker begin word onder die Vrystaatse ANC. Dit was die gevolg, volgens sommige bronne, van die oneerlike registrasie van nuwe lede deur sy teenstanders (Davenport 1998:92). Die eerste bestuursaak wat onenigheid tussen premier en party veroorsaak het, was die wyse waarop VJ (Vax) Mayekiso, LUR vir behuising, afgedank is. Die aanklag is deur die South African Students Congress (Sanco) teen hom aanhangig gemaak. Die bewering was dat hy sy posisie misbruik het en by ’n broodboomskaandaal betrokke was deur ’n magtigingsbrief vir die verwydering van 30 ton broodbome in die ou Ciskei uit te reik. In hierdie delikate stadium het verskeie aanklagte van korrupsie en bevoorregte behandeling teen hoë amptenare in die administrasie voorgekom en die premier het deurgaans getoon dat hy onverbidlik sou optree om ’n skoon administrasie en die bekamping van enige sweem van korrupsie te probeer verseker. Dit was ’n houding waarvoor hy wel lof ontvang het, maar hom nie in alle party-kringe gewilder gemaak het nie (*Die Volksblad* 1995g:6). Gerugte het die ronde gedoen en nou heftiger geword dat spanning tussen die premier en die party-leier aan die toeneem was.

Die premier se voortgesette reaksie was om te herhaal dat die Vrystaat ’n administrasie sal hê met integriteit en Mayekiso, hoë amptenaar of te nie, is onmiddellik tydelik geskors. Lekota sou later verwyet word (selfs deur Sanco) oor die wyse van skorsing, omdat hy nie al die argumente aangehoor het nie en Mayekiso bloot ingeroep het om hom daarvoor in te lig (Nieman 1995c:1).

Invloedyke leiers soos Matosa en Ace Magashule (onderleier van die party) was van mening dat die partystrukture eers geraadpleeg moes gewees het voor die neem van so ’n drastiese stap. In hierdie eis om “raadpleging” het die kern van die verskil gelê wat gaandeweg al ernstiger sou word. Die kernvraag was: Hoe ver strek die premier se magte en in hoeverre moet die party oor aangeleenthede ingelig word? Die verskille binne die Vrystaatse ANC het gegaan oor die taktiek en procedure wat met betrekking tot Mayekiso gevolg is. Om dit te besleg is besluit om ’n kommissie aan te stel om die bewerings teen Mayekiso te ondersoek.

Hoewel probleme bestaan het oor die prosedure wat die premier gevolg het om Mayekiso as LUR af te dank, is Lekota nie persoonlik daaroor uitgedaag nie. Hy het in elk geval eenvoudig volgehou dat hy grondwetlik opgetree het om Mayekiso weens beweerde selfverryking af te dank. Die bepaling in die grondwet hieroor was duidelik: indien 'n LUR nie sy portfolio administreer in ooreenstemming met die beleid van die UR nie, mag die premier die lid versoek om die administrasie van die portfolio in ooreenstemming te bring met so 'n beleid en indien hy daarin faal, mag die premier, na konsultasie met die betrokke lid, hom van sy amp onthef (*South Africa Interim Constitution Section 153 (3) and (4):49*).

Toe die NP vroeg in Mei 1996, tot groot nadeel van beter administrasie landwyd, die dwase besluit uitvoer om uit die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) te tree, het dit beteken dat Lekota sy UR sou moes herskommel. Toe hy Magashule, LUR vir ekonomiese sake, na vervoer skuif en laasgenoemde uit ontevredenheid wou bedank, het die Vrystaatse ANC heftig spiere gebult om te toon wie die oppergesag in die provinsie voer. 'n Maratonvergadering is op 29 Mei gehou en omdat Matosa en Magashule as ANC-voorsitter en ondervoorsitter groot invloed in besluitnemingskringe gehad het, is besluit dat die ANC se provinsiale strukture 'n leidende regeringsrol moes speel in besluite soos die samestelling van die UR. Magashule het opdrag ontvang om aan te bly as LUR en die premier het geen ander keuse gehad as om inskiklik te reageer nie. Hy het te kenne gegee dat hy nie premier in eie reg is nie, maar deur die ANC ontplooi is en dat hy graag aan die wense van die ANC wou voldoen. Volgens hom was daar goeie koördinerings tussens die regering en die wil van die ANC en as gedissiplineerde ANC-lid sou hy besluite heroorweeg indien die party meen alle faktore is nie verreken nie en indien hy oortuig is die ANC het beter voorstelle. Magashule het erken dat dit wel die premier se uiteindelijke prerogatief is om LUR'e aan te stel, maar die party vereis raadpleging en dit is die kultuur binne die ANC om gesamentlik besluite te neem. ('n Foto wat net na die maratonvergadering geneem is, toon 'n baie stroewe premier saam met Matosa, Magashule en Kaizer Sebothelo, provinsiale sekretaris (*Die Volksblad* 31 Mei 1996k:2).

5. TEN SLOTTE

Dit is in hierdie atmosfeer en te midde van banieropskrifte in koerante dat daar op een of ander manier ingegryp moes word om die geskil in die Vrystaatse ANC te probeer besleg. Vir die party het dit uiteraard op die tydstip 'n verleentheid geword en talle Vrystaters en die party is onbevredigend gelaat. Pres. Mandela sou ernstige dinkskrums beding om die probleem te probeer oplos. In die volgende artikels sal meer lig hierop gewerp word en ook op die uiteindelijke herontploffing van die hooffigure in dié twis.

BRONNELYS

Asmal K, Chichester D, James W (reds.) 2003. *Nelson Mandela – from freedom to the future*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Brewer JD (red.) 1989. “Internal Black Protest”. In *Can South Africa survive five minutes to midnight?* Chapter 8:184-205. Bergvlei: Southern Book Publishers.

Burger, Die 1996. “ANC optrede kan SA demokrasie verwoes, sê Leon”. 29 November 1996:2. Politieke beriggewer.

Business Day 1996. “An unwinnable war”, 29 Oktober.

Cape Times, The 1996. “Not in the spirit of the constitution” (Hoofartikel), 21 November.

City Press 1996. “Ivy for Premier”, 24 November.

Constitution of the Republic of South Africa 1996. Kaapstad: Cresta Press.

Davenport TRH 1998. *The birth of a New South Africa*. The 1995 Joanne Goodman Lectures Toronto: University of Toronto Press.

Debatte van die Wetgewer van die Provinsie Oranje-Vrystaat. Eerste Sessie, 7 Mei.

Duma M 1996. “‘Reinstate Lekota’, demand taximen”. *Sowetan*, 26 November.

Getz A 1985. “Lekota”. *Sunday Tribune*, 21 April.

Grobler C 1995. “Lekota se hoofstad-besluit verwerp”. *Die Volksblad*, 14 Januarie.

Grobler C 1995. “ANC-takke in geheim byeen oor hoofstad”. *Die Volksblad*, 18 Januarie.

Grobler C 1995. “Lekota se hoofstad-plan: wind van voor uit ANC-kamp”. *Die Volksblad*, 21 Augustus.

Hartley R 1996. “When Lekota opened his mouth he emptied his jugular”. *Sunday Times*, 27 Oktober.

Horn A 1995. “Breekspul in Vrystaatse ANC dreig”. *Die Volksblad*, 5 September.

Horn A 1996b. “Politieke vyande oorgehaal”. *Die Volksblad*, 24 Junie.

Horn A 1996c. “Rou haat in ANC bars uit teen Lekota”. *Die Volksblad*, 23 Oktober.

- Jordaan M 1996. “ANC-leiers haat mekaar – Matosa”. *Die Volksblad*, 14 Oktober.
- Joubert J-J 2007. “ANC besluit oor premiers”. *Die Volksblad*, 30 Junie.
- Lodge T 2002. *Politics in South Africa. From Mandela to Mbeki*. Cape Town: David Philip.
- Mallaby S 1992. *Apartheid the future of South Africa*. New York:Times Books.
- Mandela N 1995. *Long walk to freedom*. MacDonald Purnell.
- Misbach W 1996. “ANC ‘ignored Free State voters’”. *Sowetan*, 20 November.
- New Nation 1996. “‘I will not defend corrupt MECs’ – Lekota”, 25 Oktober.
- Nieman N 1994. “Matosa klop Lekota om ANC-leierskap”. *Die Volksblad*, 28 November.
- Nieman N 1995a. “Bfn bly die OVS hoofstad”. *Die Volksblad*, 11 Januarie.
- Nieman N 1995b. “Lekota loop ANC-partygenote, VF oor alliansie teen hom”. *Die Volksblad*, 10 Mei.
- Nieman N 1995c. “Lekota skors Vax finaal weens beweerde selfverryking”. *Die Volksblad*, 19 Mei.
- Nieman N 1995d. “ANC in OVS verskil oor Vax Mayekiso”. *Die Volksblad*, 22 Mei.
- Nieman N 1995e. “Wrywing in OVS se ANC uit die weg geruim”. *Die Volksblad*, 28 Augustus.
- Nieman N 1995f. “Mandela gryp self in oor ANC-probleme in Vrystaat”. *Die Volksblad*, 20 Oktober.
- Nieman N 1996g. “Lekota skok met besluit oor Magashule”. *Die Volksblad*, 21 Junie.
- Nieman N 1996h. “ANC gaan Lekota se skommeling van UR hersien”. *Die Volksblad*, 30 Mei.
- Nieman N 1996i. “Lekota wil bedrog uitroei”. *Die Volksblad*, 23 Februarie.
- N Nieman N 1996j. “Verskillende vertolkings het tot dooie punt gelei”. *Die Volksblad*, 21 Junie.

- Moll • Die “herontplooiing” van die eerste Vrystaatse premier, Mosioua Lekota (1994-1996),
- Nieman N 1996k. “Lekota se premierskap in weegskaal”. *Die Volksblad*, 22 Junie.
- Nieman N 1996l. “Drie van ANC sal Mbeki inlig oor skuiwe in UR”. *Die Volksblad*, 5 Junie.
- Nieman N 1996m. “Lekota bly Premier van die VS”. *Die Volksblad*, 1 Julie.
- Nieman N 1996n. “Lekota nou gevangene van sy eie party”. *Die Volksblad*, 3 Julie.
- Nieman N 1996o. “Lekota verander UR ingrypend”. *Die Volksblad*, 3 Julie.
- Nieman N 1996p. “Lekota jammer VS se beeld het onder ANC-stryd in die provinsie gely.” *Die Volksblad*, 3 Julie.
- Nieman N 1996q. “Lekota kry hoofraad se steun”. *Die Volksblad*, 8 Julie.
- Nieman N 1996r. “Mandela ontbied ANC in VS oor haatstryd”. *Die Volksblad*, 30 Oktober.
- Nieman N 1996s. “Nelson ruk VS se ANC in die bek”. *Die Volksblad*, 5 November.
- Nieman N en Sapa 1996t. “Lekota bang oor impak in VS van sy aanstelling as senator”. *Die Volksblad*, 15 November.
- Nyatsumba K 1996. “Must ANC wield big stick?” *The Star*, 27 November.
- Seller J 1996. “Resolution of sorts”. *Sowetan*, 20 November.
- South Africa Interim Constitution 1994. Election of Premiers*, Section 145, http://servat.unibe.ch/icl/sf10000_.html. 1-87:46.
- South Africa Interim Constitution 1994* Section 153, (3) and (4), http://servat.unibe.ch/icl/sf10000_.html. 1-87:49.
- Sparks A 2003. *Beyond the miracle. Inside the new South Africa*. Jonathan Ball: Johannesburg.
- Van der Merwe G 1994. “OFS leader wants racial harmony”. *RSA Beleidsorsig*, 31 Mei.
- Volksblad, Die* 1994. “Lekota en Dipico” (Hoofartikel), 3 Mei.
- Volksblad, Die* 1994a. “Lekota verlig dat sitting plaasvind”, 21 Junie.
- Volksblad, Die* 1994b. “Woelinge in ANC” (Hoofartikel), 28 November.

- Volksblad, Die* 1994c. “Lekota verwyf, maar hy kon nie takke besoek”, 28 November.
- Volksblad, Die* 1994d. “ANC is nog lojaal aan Lekota”, 28 November.
- Volksblad, Die* 1994e. “‘nuwe’ Vrystaat inspireer mense, sê Lekota”, 29 November.
- Volksblad, Die* 1995f. “Twee gesigte” (Hoofartikel), 13 Junie.
- Volksblad, Die* 1995g. “Korrek opgetree” (Hoofartikel), 28 April.
- Volksblad, Die* 1996h. “Beter regering” (Hoofartikel), 15 Februarie.
- Volksblad, Die* 1996i. “Raad geskommel” (Hoofartikel), 24 Mei.
- Volksblad, Die* 1996j. “Wie regeer Vrystaat?” (Hoofartikel), 31 Mei.
- Volksblad, Die* 1996k. Foto met opskrif: “Lekota maak hom met sy optrede ongewild”, 31 Mei.
- Volksblad, Die* 1996l. “‘Premier Lekota kan UR saamstel soos hy wil’, sê kenners”, 31 Mei.
- Volksblad, Die* 1996m. “Lekota trap vas”, 21 Junie.
- Volksblad, Die* 1996n. “ANC-broedertwis” (Hoofartikel), 24 Junie.
- Volksblad, Die* 1996o. “Sen. Lekota” (Hoofartikel), 15 November.
- Volksblad, Die* 1996p. “Opposisiepartye kap ANC oor hantering van Lekota”, 21 November.
- Van Vuuren DJ, Wiehahn NT, Rhodie NJ. 1991. *South Africa in the nineties*. Pretoria: HSRC Publishers.
- Waldmeir P 1994. *Anatomy of a miracle*. Londen: Penguin.
- Webber M 1996. “Lekota’s forced resignation is the death of a dream for the Free State”. *The Sunday Independent*, 24 November.